DriedFruitSA

AN INDUSTRY ALLIANCE



# Trotse ondersteuners van regte heilsaamheid



## Nuwe Droëvrugte Suid-Afrika veldtog: Herinner die plaaslike verbruiker aan die regte egte lekkerte van droëvrugte.

Dit is 'n aangename voorreg om u as droëvrugte-produsent bekend te stel aan **Dried Fruit South Africa**, die splinternuwe gesamentlike bemarkingsinisiatief van die groter droëvrugte bedryf van Suid-Afrika. Hierdie bedryfsalliansie tussen droë boom- en wingerdvrugte produsente is onlangs van stapel gestuur. Die komitee word verteenwoordig deur onderskeidelik Hortgro en Raisins SA. Na meer as 'n jaar se samesprekinge is die eerste fase afgeskop met 'n 'Real Goodness' veldtog via 'n webtuiste asook sosiale media.

Dus, nieteenstaande die huidige uitdagende omstandighede waarin ons onsself as 'n bedryf en 'n nasie bevind, is dit vir ons aangenaam om te bevestig dat ons tans voortgaan met die nuwe **Dried Fruit South Africa** inisiatief. Terwyl ons almal die noodsaaklikheid besef van onmiddellike optrede en fokus deur al ons lede en ons waardeketting-vennote in reaksie op die Corona-virus in hierdie stadium, glo ons ook dat die ons deurlopende aksies om verbruikers op te voed oor die intrinsieke waardes van droëvrugte uit die oog mag verloor nie.

Soos dit vir verbruikers 'n daaglikse realiteit is om te herbesin oor hoe om hulself en geliefdes te onderhou tydens 'n periode van inperking en voedsel-rantsoenering, vertrou ons dat ons deurlopende kommunikasie-inisiatiewe ten opsigte van die verbruiker ook dividende sal oplewer sodra hierdie onsekere tye verby is.

Gaan lees gerus meer oor waarom ons besluit het om die **Dried Fruit South Africa** inisiatief te loods en wat die doelwitte is wat ons daardeur wil bereik.

Lees meer



## Wat gebeur by DFSA?







Volg ons ook op Instagram

## Ons webblad kan nou besoek word




Besoek ons webblad



DriedFruitSA

AN INDUSTRY ALLIANCE

Tel: 27 (0)21 870 2900 | Fax: (888) 755-7585 | info@DFSA.co.za

258 Main St, Paarl, 7646